Bid saam

met die Bybelgenootskappe

Gebedsgids
no 2 • 2019

APRIL

31 Mrt – 6 Apr

Peru: Bid vir ons *Brood van die Lewe* en *'n End aan geweld*-projekte, waarmee ons wil help dat kinders gesond en veilig kan opgroei en die Bybel kan leer ken. Bid dat daar met die vertaling van die Bybel in Machiguenga en Quechua Apurímac begin kan word. Bid vir ons pogings, in samewerking met die Kerk, om geweld en korrupsie in ons samelewing te bestry.

Brasilië: Dank die Here vir die Jaar van die Bybel wat Christene en kerke regoor die land in 2018 gevier het. Bid vir die nuwe Brasiliaanse regering en ook vir vrede en 'n sterker ekonomie. Bid dat die Studiebybel met die bygewerkte Almeida teks wat verlede jaar gepubliseer is, werklik 'n impak op die lewens van mense sal hê. Bid vir wysheid en leiding vir ons nuwe Uitvoerende Direkteur en Raad.

7 – 13 Apr

Chili: Bid asseblief vir vrede, veral in die Araucanía streek waar daar aan die vertaling van die Ou Testament in Mapudungun gewerk word. Bid vir die vertalers en hulle gesinne. Bid ook dat die Chileense Kerk die Bybelgenootskap sal ondersteun, sodat ons die nodige hulpbronne kan bekom om ons missie uit te voer.

Ecuador: Loof die Here vir Bybels wat in hierdie land versprei is. Dank Hom dat dit vir ons moontlik is om bybelse waardes, veral onder jongmense, te bevorder. Bid dat ons publikasies meer mense in die bybelse boodskap sal laat belangstel.

14 – 20 Apr

Uruguay: Hier word baie politieke besluite geneem wat teen bybelse beginsels indruis, bid asseblief dat die lewende en kragtige Woord die lewens van ons politici sal verander. Bid vir ons personeel, dat ons altyd die nodige wysheid in die Woord van God sal soek.

Bolivia: Bid dat die Here die nodige wysheid aan ons sal skenk om Bybels aan verafgeleë gebiede te kan voorsien. Bid dat die Boliviaanse owerheid nie wette sal instel wat teenstrydig met die Woord van God is nie. Bid vir kinders, tieners en vroue wat slagoffers van geweld is.

Argentinië: Bid dat elke Argentyn God en sy Seun deur die Bybel sal leer ken. Bid vir *Teleios*, 'n projek waardeur ons interaksie met die Bybel wil bevorder. Bid vir al ons Bybelvertalingsprojekte, veral vir ons projek om die Bybel in Gebaretaal beskikbaar te stel.

21 – 27 Apr

Venezuela: Dank die Here vir sy leiding in hierdie krisistyd in ons land wat ook Bybelverspreiding nadelig raak. Bid dat die Kerk sal voortgaan om 'n instrument vir verandering deur die Woord van God te wees. Bid vir ons personeel en hulle gesinne.

Paraguay: Bid dat die Here sal voortgaan om in die behoeftes van ons Raadslede, personeel en hulle gesinne te voorsien. Bid vir genoegsame fondse sodat ons steeds met die boot, El Amanecer, arm gemeenskappe langs die Paraguayrivier kan bereik om hulle fisiese en geestelike behoeftes aan te spreek.

Colombia: Bid dat die nuwe ooreenkoms tussen die regering en die grootste rebellegroep tot blywende vrede sal lei. Bid vir wysheid en krag vir Christene in die land en vir 'n toename in Bybelverspreiding. Bid vir ons projekte om interaksie met die Bybel te bevorder.

MEI

28 Apr – 4 Mei

Japan: Bid dat die Here Bybelwerk in Japan sal seën en dat Gods Woord die harte van die ongeveer 99% van die bevolking wat nie Christene is nie, sal aanraak. Bid veral vir jong Christene, dat hulle deur die inspirasie van die Heilige Gees die Woord met ander sal deel. Bid vir ons Raad en personeel.

Suid-Korea: Bid dat die Here aan ons wysheid sal skenk om steeds as 'n Bybelpublikasiesentrum ander Bybelgenootskappe te ondersteun. Bid ook dat ons meer fondse sal ontvang om Bybels regoor die wêreld te kan voorsien, en bid dat hierdie Bybels mense se lewens sal verander.

Noord-Korea: Christene word steeds hier vervolg. Bid dat die vredesonderhandelinge tussen Noord- en Suid-Korea ook die deur vir Bybelwerk sal open sodat mense vir wie die Evangelie vir dekades reeds verbode is, bereik kan word.

5 – 11 Mei

China Vennootskap: Loof die Here vir die bekendstelling van die Chinese Studiebybel. Bid dat baie predikante en gelowiges daarby sal baat. Bid ook dat die owerhede bestaande en toekomstige Bybelvertalingsprojekte vir etniese minderheidsgroepe sal toelaat. Bid vir 'n goeie vennootskap met die Kerk in China.

Singapoer: Vanjaar begin ons met die implementering van ons nuwe vyfjaarplan. Een van ons belangrikste prioriteite is om ons digitale teenwoordigheid te ontwikkel sodat ons Bybelgenootskap toeganklik is vir almal. Bid dat die Here ons sal help om hierdie visie te bereik. Bid ook vir Bybelwerk in **Broenei**.

Mongolië: Bid dat die Bybelgenootskap gesinne in hierdie land waar Christene slegs 3% van die bevolking uitmaak, met die Bybel sal bereik. Bid ook vir die ontwikkeling en publikasie van Bybelmateriaal vir kinders.

Nepal: Bid vir die vertaling, produksie en verspreiding van die Bybel in Nepalees, asook ander Bybelmateriaal. Bid vir ons program om interaksie met die Woord te bevorder. Bid vir genoegsame fondse sodat ons met al ons projekte kan voortgaan.

12 – 18 Mei

Mianmar: Dank die Here dat Hy ons Bybelgenootskap gebruik om die Bybel in hierdie land beskikbaar te stel. Bid vir vordering met die vertaling van die Bybel in verskeie tale vir etniese minderheidsgroepe wat nog nooit oor die Bybel in hulle

taal beskik het nie. Bid vir die veiligheid van ons personeel en hulle gesinne.

Thailand: Bid vir die gesondheid van diegene wat besig is om die Bybel in Thai Gebaretaal voor te berei. Bid ook vir die nodige fondse om 10 000 Bybels vir skole te druk sodat ons dit gedurende die jaar kan versprei en dat hierdie Bybels die kinders sal aanmoedig om meer oor die Bybel te leer.

Maleisië: Loof die Here dat dit vir ons moontlik is om Bybels in hierdie land te versprei. Bid ook dat ons bybelse beginsels, veral onder kinders, sal bevorder. Bid dat meer mense in ons land in die Bybel sal belangstel.

19 – 25 Mei

Laos: Bid veral vir ons geletterdheidsprojekte. Bid ook vir opleiding vir ons plaaslike personeel sodat hulle ons vertalings-, geletterdheids-, verspreidings- en publikasieprojekte effektief kan behartig. Bid ook vir die werk aan die Lao Studiebybel.

Viëtnam: Bid dat die Here ons sal bewaar en sal help met die ontwikkeling van verskeie projekte vir ongeletterdes, dowes en etniese minderheidsgroepe. Bid ook vir ons verhouding met die verskillende kerke in ons land. Bid dat ons die leiding van die Heilige Gees sal volg.

Kambodja: Bid vir die hersiening van die standaardweergawe van die Khmer Bybel en vir die werk aan die Khmer Studiebybel. Dank die Here dat die Kerk in ons land groei, maar bid vir ons projek, *Lewende Woord vir Almal*, waardeur ons in die Bybelbehoeftes van ons mense wil voorsien. Dit is soms nodig om die Bybel te subsidieer of gratis beskikbaar te stel.

JUNIE

26 Mei – 1 Jun

Finland: Dank die Here vir Bybelwerk in ons land. Dank Hom ook dat die Noord-Sami Bybel deur die Lutherse Kerk in Finland, Noorweë en Swede goedgekeur is. Bid dat hierdie Bybel die lewens van mense wie se hartstaal dit is, sal verryk. Bid ook vir ons donateurs wat dit vir ons moontlik maak om Bybelwerk wêreldwyd te ondersteun.

Swede: Bid vir die bekendstelling van die Nuwe Testament in vereenvoudigde Sweeds. Bid ook vir die *Avonture van die Bybel*-projek waarmee ons reeds 35 000 kinders in staatskole tussen 10 en 11 jaar oud bereik het. Bid vir al die migrante wat hulle in Swede bevind; dat ons hulle met die Bybel sal kan bereik.

Noorweë: Bid vir die verspreiding van Gods Woord aan die kerke in Noorweë. Bid ook dat meer mense nie net 'n Bybel sal besit nie, maar dit sal lees en die boodskap daarvan sal uitleef. Bid vir ons nuwe Hoofsekretaris, Paul Erik Wirgenes en vir die personeel.

2 – 8 Jun

Denemarke: Bid dat die werk aan 'n nuwe vertaling

van die Bybel in hedendaagse Deens goed sal verloop en dat hierdie vertaling meer mense met die Bybel sal bereik. Bid dat ons die Bybel in geskikte formate aan ons mense sal beskikbaar stel. Bid vir ons personeel, vir krag en toewyding.

Ysland: Bid dat die bybelse boodskap groter inslag by ons mense sal vind, veral by jongmense en kinders. Dank die Here vir die werk wat die Bybelgenootskap oor jare in hierdie land kon verrig. Bid vir genoegsame fondse om te verseker dat genoeg Bybels beskikbaar is.

Faroëreilande: Bid dat alle kerkgenootskappe op die eiland hierdie jong Bybel-genootskap sal ondersteun. Bid dat Faroërs die waarde van die bybelse boodskap sal besef en dit hulle eie sal maak.

9 – 15 Jun

Spanje: Dank die Here vir Bybelwerk in hierdie land. Bid vir al ons donateurs, vrywilligers en personeel. Bid ook vir 'n goeie verhouding met die kerke in ons land. Bid dat dit vir ons moontlik sal wees om Bybels in geskikte formate te voorsien.

Portugal: Bid asseblief vir die 200-jarige herdenking van die Almeida vertaling van die Bybel. Bid vir die kongres en uitstalling wat gereël word om die lewe en werk van die vertalers van die Bybel in Portugees te herdenk. Bid ook vir die hersiening van hierdie vertaling, want dit is nodig dat 'n jonger geslag lesers die teks beter verstaan.

Frankryk: Bid dat die Here Bybelwerk in ons land sal seën sodat sy Woord die harte van al ons mense kan bereik. Bid dat ons die Bybel in verskillende formate en vertalings beskikbaar sal kan stel om in die Bybelbehoeftes van ons mense te voorsien. Bid vir politieke stabiliteit.

16 – 22 Jun

Republiek van Ierland: Loof die Here dat ons vry is om die Bybel hier te versprei. Bid asseblief dat ons die verskillende geslagte, veral die jeug en kinders, met die Bybel sal kan bereik. Bid ook dat ons publikasies die belangstelling van mense in die Bybel sal aanmoedig.

Skotland: Bid dat ons *Bibleworld Book*-geletterd-heidsprojek kinders se leesvaardigheid sal bevorder, maar terselfdertyd hulle help om God en die Bybel te ontdek. Bid vir die baie kerke wat van hierdie hulpmiddel gebruik maak en vir genoeg vrywilligers om hierdie opvoedkundige hulpmiddel in naskoolklubs te benut.

Noord-Ierland: Bid vir ons pogings om ons vennootskap met kerke en Christelike organisasies uit te bou en ons verhouding met hulle te versterk om sodoende die impak van die Bybelgenootskap hier te bevorder. Bid vir nuwe kreatiewe maniere om meer ondersteuners en vennote met 'n passie vir die Bybel te werf.

Engeland en Wallis: Bid asseblief vir die groot verskeidenheid Bybelwerk wat ons hier verrig. Bid vir al ons inisiatiewe, geleenthede en hulpmiddels wat daarop gerig is om Christene te help om met entoesiasme en passie by die Bybel betrokke te raak. Bid ook vir ons werk om die belangrikheid van die Bybel in die onderwys, film, politiek en in die werksplek te bevorder.

23 – 29 Jun

Switserland: Dank die Here vir sy liefde en beskerming. Bid asseblief vir al die vlugtelinge, gevangenes, bejaardes en diegene in nood in ons land. Bid dat ons die Bybel met die boodskap van hoop aan hulle sal kan voorsien. Bid ook vir ons personeel en donateurs en dank Hom vir hulle toewyding en ondersteuning.

België (Franstalig): Dank die Here dat dit vir ons moontlik is om die Bybelsaak te bevorder. Bid dat ons sal kan voortgaan met die projekte waarmee ons verlede jaar begin het om ons mense se belangstelling in die Bybel aan te moedig.

België (Vlaams): Dank die Here dat ons met die Bybel in geskikte formate na ons mense kan uitreik. Dank Hom ook dat ons regoor die wêreld Bybelprojekte kan ondersteun en vir elke donateur wat dit moontlik maak. Bid vir ons personeel.

Nederland: Dank die Here vir ons 60 werknemers en 1 400 vrywilligers wat met passie en entoesiasme werk om die Bybel vir mense beskikbaar te stel. Bid dat die Here *BibleBasics*, sal seën. Met hierdie Sondagskoolprogram probeer ons kinders met 200 Bybelverhale bereik.